

Die geskiedenis, natuur en algemene openbaring in die Christelik-historiese denke van Groen van Prinsterer

J.A. Schlebusch

J.A. Schlebusch, Departement Sistematiese en Historiese Teologie, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Groen van Prinsterer (1801–1876) se Christelik-historiese beskouing is gekenmerk deur 'n tweeledige waardering vir die Godsopenbaring soos dit neerslag vind in die Skrif aan die een kant en in die geskiedenis aan die ander kant. Gegewe die feit dat sy openbaringsleer beduidend begrond is deur die Gereformeerde belydenisskrifte, beoog hierdie artikel om vir die eerste keer sy beskouing van die rol en aard van algemene openbaring – soos beskryf in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis – te ondersoek en in verband te bring met sy Christelik-historisme. In navolging van veral die Réveil sowel as die Historische Rechtsschule van Friedrich Carl von Savigny (1779–1861) verwerp hy die idee van 'n normatiewe natuurreg en beskou hy daarteenoor die goddelike openbaring as te vinde in die besondere openbaring van die Bybel, sowel as in die geskiedenis as algemene openbaring. Hierdie historiese algemene openbaring behoort volgens Groen egter beskou te word in die lig van die besondere openbaring, en met name spesifiek die openbaring van Jesus Christus se verlossingswerk en die verheerliking van Sy heerskappy as die oorhoofse doel van die wêreldgeskiedenis. Alhoewel Groen nie die rede of sintuie as middels tot die verkryging van kennis as sodanig verwerp nie, verwerp hy wel die idee dat die mens by wyse van waarnemings of rasonale konstruksies, los van die verligting van die goddelike openbaring, kernwaarhede aangaande die werklikheid kan bekom. In hierdie opsig was sy beskouing van die algemene openbaring beduidend anders as dié van sy Neo-Calvinistiese opvolgers Abraham Kuyper (1837–1920) en Herman Bavinck (1854–1921).

Trefwoorde: algemene openbaring; besondere openbaring; Christelik-histories; Groen van Prinsterer, Guillaume; natuurreg; Réveil; Von Savigny, Friedrich Carl

Abstract**History, nature and general revelation in the Christian-historical thought of Groen van Prinsterer**

Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876) was a Dutch statesman and Christian political thinker known for his dedication to conservative principles. From a Reformed perspective, he opposed the liberalisation of Dutch society during the 19th century, which was influenced by the Enlightenment. Groen believed that the liberal ideas of the French Enlightenment had a negative impact on Dutch society. He was born during the establishment of the Batavian Republic, a political development that brought French Revolutionary ideas to the Netherlands. Groen distanced himself from his liberal upbringing and aligned with the conservative Réveil movement, which rejected Enlightenment philosophy in favour of a romantic appreciation for history. His understanding of history played a significant role in his self-identification as a Christian-historical Calvinist. As leader of the confessional wing of the Réveil, Groen emphasised the normative character of the Reformed confessions, particularly the Three Forms of Unity, consisting of the Belgic Confession of Faith, the Heidelberg Catechism, and the Canons of Dort. Groen articulated his understanding of divine revelation within the framework of these confessions, rejecting the idea that the Bible is a human creation and that reason should serve as the measure of truth. He held a high regard for the doctrine of revelation as outlined in the Belgic Confession of Faith and aligned his Christian-historical perspective with the Reformed confessions.

Groen sees history as the manifestation of the struggle between the Kingdom of Christ and the Kingdom of evil. He emphasises the role of ideas as the driving force behind history and views the Calvinist faith as foundational to the Dutch state. He considers history to be a means of divine revelation and rejects revolutionary or Enlightenment ideals as at odds with the lessons and purpose of history. Groen's historical narratives are Christocentric and he believes that adherence to God's revelation is the only true practice. He argues against the secularisation of historiography and sees the true meaning and value of history in its God-given nature. The Revolution, for him, represents an anti-Christian rejection of historical rights and relationships grounded in the divine order. His Christian epistemology is rooted in the divine revelation in contradistinction to rationalism or empiricism. He argues that true wisdom and truth in religion, morality, and justice can be found only in the submission of heart and mind to the revelation of the Gospel. This revelational epistemology is rooted in his embrace of the Christian-historical perspective, which views history as confirming the truths of the Bible. He believes that the Bible is the ultimate standard by which all knowledge and theories should be judged. Groen opposes the epistemological revolution that rejects the sovereignty and authority of God's revelation, and he views this as lying at the very heart of political revolutions like the French Revolution. According to Groen, such revolutions lead to the overthrow of true principles of law and justice and result in tyranny.

From his Christian-historical perspective, Groen criticises the idea of natural theology commonly associated with Thomas Aquinas and affirmed by the Council of Trent. He rejects the notion that individuals can attain religious and moral truths through their own efforts, arguing that fallen human nature is inherently hostile towards God. Groen also dismisses the idea of deriving natural law from empirical observations interpreted through the correct use of reason.

He asserts that the wisdom of pre-Christian philosophers was derived from traditional beliefs and that their highest wisdom consisted of distinguishing revealed truths from popular superstitions. According to Groen, all religion is necessarily traditional, meaning that all people, including ancient Greeks and Romans, descend from ancestors to whom the true Proto-evangelium was revealed. He suggests that their knowledge and wisdom are indebted to the remnants of this revelation transmitted through generations. Groen notes that the unifying factors in all religions are due to their shared origins, although he attributes the emergence of non-Christian religions to the distortion of original divine truths by sinful human nature.

Groen extends the impact of the distortion of historical divine revelation beyond religious and moral life, asserting that it affects every aspect of human existence. He claims that true justice is grounded in God's nature and that forsaking God means forsaking justice. For Groen, atheists recognise only subjective natural impulses, no objective natural law. He argues that a supreme source of justice, a universal law of justice and love, and a legislator who issues and enforces it must be postulated to establish the foundations of rights, duties and laws. According to Groen, conscience and moral sense are feeble echoes of God's law, and when this law is set aside, the fulfilment of duty dissolves into pride and self-interest.

In his critique of natural law, Groen purposefully distances himself from the rationalism and empiricism associated with Thomism and Enlightenment philosophers. He believes that the Bible is necessary to gain a genuine understanding of natural revelation, asserting that it enlightens, corrects, improves and adjusts reason. Groen emphasises that reason should yield to Revelation because all of Scripture is inspired by God while the natural man does not understand the things of the Spirit of God.

Groen does acknowledge the epistemological role of general or natural revelation, but he does not identify it with a natural law principle epistemically grounded in rational thought or empirical observations. He appeals the Historische Rechtsschule of German jurist Friedrich Carl von Savigny, who argues that the organic development of a particular community is historically reflected in its unique customs, laws and relationships. Von Savigny asserts that any legislation should rely primarily on the historical rights and relationships involved and Groen highlights these ideas about the historical origin of law in particular. Nonetheless, Groen reinterprets historicism within a Calvinistic framework. He believes historical rights should be respected not only because they are manifestations of divine providence but also because their endurance indicates that they align with God's purpose in history, specifically Christ's triumph over evil. Groen completely distances himself from the idea that all historical developments necessarily conform to God's will. He sees the authority of history as intertwined with the redemptive plan for the cosmos originating from the cosmological *genesis* in God's design of creation, and culminating in the cosmological *telos* in the glorification of Christ's rule.

In this regard, Groen's historicism is primarily epistemic rather than ethical. He rejected liberal ideas as anti-historical or revolutionary, arguing that history itself testifies to the impracticality of such principles.

At the heart of Groen's Christian-historical philosophy therefore lies the belief that true wisdom, justice and morality are exclusively rooted in divine revelation, primarily in the Bible and secondarily in history interpreted in light of this revelation. As a leading figure in the confessional wing of the Réveil, Groen highly valued the doctrine of revelation as outlined in

the Belgic Confession of Faith and uniquely connected general revelation to the historical aspect of his Christian historicism.

While Groen did not reject reason or the senses as means of acquiring knowledge, he rejected the idea that humans can obtain core truths about reality through observations or rational constructions alone, apart from the enlightenment of divine revelation. In his epistemological framework, truths can be attained only when there remains at least some residue of the original divine revelation that can serve as a framework for interpreting reality through reason and the senses. As this framework is transmitted through tradition, he viewed true knowledge of general principles as fundamentally historical.

In terms of his understanding of general revelation, Groen's perspective differed significantly from his Neo-Calvinist successors Kuyper and Bavinck, who considered natural revelation, in comparison with special revelation, as more universal and apparent. While Kuyper and Bavinck regarded natural revelation discovered through the *theologia naturalis* as the necessary epistemological framework for receiving special revelation, Groen connected general revelation with the pedagogical nature of history as the long-term human experience of a God-given reality illuminated by the special revelation in the Bible, rather than with natural phenomena acquired through empirical or rational means. For Groen, unlike Bavinck and Kuyper, general revelation cannot serve as the foundation of special revelation. As such, in terms of their understanding of the role and nature of general revelation, Neo-Calvinism represented a departure from Groen van Prinsterer's Christian historicism.

In line with Von Savigny's idea that natural law, as interpreted through rational abstractions, has a harmful and uprooting effect on society, Groen regarded history as a superior epistemological manifestation of general revelation, since developments conflicting with God's will are ultimately condemned as unworkable and harmful through the course of history as sovereignly governed by divine providence. Based on this, he promoted a historical understanding of what he considered general truths, which emerge only in the context of divine revelation mediated either through the Bible or tradition derived from earlier divine revelation. For Groen, history ultimately functions pedagogically and normatively in the sense that theories contradicting revelation ultimately inevitably fail, while developments aligned with the divine will as revealed in the Bible yield positive fruits in the long run.

Keywords: Christian-historical; general revelation; Groen van Prinsterer, Guillaume; natural law; Réveil; special revelation; Von Savigny, Friedrich Carl

1. Inleiding

Die 19de-eeuse Nederlandse staatsman en Christelike politieke denker, Guillaume Groen van Prinsterer (1801–1876), het as lid van die Nederlandse parlement en as politieke aktivis bekendheid verwerf veral vir sy toewyding aan konserwatiewe uitgangspunte. In die konteks van 'n Nederlandse samelewing wat gedurende die 19de eeu in die nadraai van die Verligting deur toenemende liberalisering gekenmerk is, het hy vanuit 'n Gereformeerde grondslag teen hierdie gety gepolemiseer (Bijl 2011:13). Sy politieke posisionering teen die idees van veral die Franse Verligting het as Christelik-histories of antirevolusionêr bekend gestaan. Groen was

oortuig daarvan dat die liberale idees van die Verligting gedurende sy eie tyd 'n negatiewe impak op die Nederlandse samelewing gehad het (Harinck 1994:126–7).

Groen¹ is gebore ses jaar na die vestiging van die Bataafse Republiek in Nederland – 'n ingrypende politieke ontwikkeling waartydens die idees onderliggend aan die Franse Revolusie van 1789 ook op Nederlandse bodem neerslag gevind het (Roosendaal 2012:17). Die Bataafse bewind het nie net 'n volkome skeiding van kerk en staat bewerkstellig nie, maar ook bepaalde beperkings op die kerk geplaas. Predikante is byvoorbeeld vanaf 1796 verbied om tydens preke die regering van die dag te kritiseer (Schlingmann 2012:55). Die sorg vir behoeftiges en die skoling van kinders, wat tevore as terreine van die kerk se bediening beskou is, het nou ook staatsaangeleenthede geword. In die proses is kerkeiendom ook deur die staat onteien om hiervoor te begroot (Schlingmann 2012:56–7). Groen self het, interessant genoeg, uit 'n familie gekom wat hierdie liberale waardes grotendeels omhels het. Sy noemnaam, Guillaume, getuig op sigself van sy ouers se voorliefde vir die Franse Verligtingsinvloed (Kuiper 2001:13–4). Groen sou homself later van sy eie opvoeding, wat hy as “vrijzinnig-Christelik” tipeer het, distansieer (Groen van Prinsterer 1873:255).

Tydens sy studiejare aan die Universiteit Leiden (1817–1823) kom hy in kontak met die konserwatiewe regsgeleerde Willem Bilderdijk (1756–1831). Bilderdijk was op daardie stadium eintlik maar 'n eensame stryder teen die sosiogodsdienstige liberalisering wat kenmerkend was van die Nederlandse samelewing van daardie tyd. Soos sy biograwe Rick Honings en Peter van Zonneveld (2013:12) dit beskryf: “[Bilderdijk] voelde zich een vreemde in zijn tijd en verlangde vurig naar de dood.” Groen was een van die min jong opkomende intellektueles by wie sy gedagtes werklik aanklank gevind het, en wat homself sedert die vroeë 1830s daarvolgens as antirevolusionêr of Christelik-historiese posisioneer het (Kuiper 2001:75–6).

By wyse van hierdie benaming het Groen homself ook geïdentifiseer met die pan-Europese Réveil-beweging waarvan Bilderdijk die vernaamste Nederlandse pionier was (Kirpestein 1993:36–7). Die Réveil was 'n behoudende Protestantse beweging gekenmerk deur 'n beduidende afkeer van die rasionalisme en empirisme kenmerkend van die Verligtingsfilosofieë ten gunste van 'n Romantieke waardering vir die historiese (Kuiper 2001:19). Groen se waardering vir die pedagogiese waarde van die geskiedenis – iets wat juis so 'n deurslaggewende rol in sy selfposisionering as Christelik-historiese Calvinis gespeel het – kan ook grotendeels toegeskryf word aan sy kennismaking met die Réveil en die bronne wat binne die kring van hierdie beweging so hoog geag is (Van Vliet 2008:29).

Gegewe die feit dat Groen self die Christelik-historiese beskouing of filosofie wat hy gedurende hierdie tyd ontwikkel het in verband bring met sy toenemende waardering vir die gesag van die goddelike openbaring (Groen van Prinsterer 1925:503), is dit verbasend dat daar binne die bestaande literatuur nog nooit geraak is aan sy beskouing van die rol van die geskiedenis in terme van wat binne die Gereformeerde tradisie bekendstaan as die algemene of natuurlike openbaring, oftewel buite-Skriftuurlike Godsopenbaring nie – dit wat in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelofenis beskryf word as “die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld”. Alhoewel daar natuurlik deur verskeie outeurs klem gelê is op Groen se waardering vir die pedagogiese aard van die geskiedenis en die belangrikheid daarvan vir sy Christelik-historiese denke (Te Velde 1994:43; Van Vliet 2008:359; Van Dyke 2012:94), is daar tot op hede niks geskryf oor Groen se verstaan van die aard van die bemiddeling van die algemene openbaring in die geskiedenis en die verhouding tussen die geskiedenis en die natuur nie.

Hierdie artikel beoog dan ook om vir die eerste keer lig te werp op Groen se verstaan, as belydende Gereformeerde denker, van die aard van die algemene openbaring, die rol van die geskiedenis sowel as die natuur in hierdie algemene openbaring, asook die verhouding tussen die twee.

Omdat sy kontak met die denke van die Réveil-beweging so deurslaggewend was vir Groen se Christelik-historiese beskouing aangaande die aard van die goddelike openbaring, gaan hierdie artikel eerstens kyk na Groen se verbondenheid met en rol binne die Nederlandse Réveil. Daarna verskuif die fokus na die historiese aspek van Groen se Christelik-historiese beskouing, waarna Groen se beskouing van die aard van die goddelike openbaring in meer diepte bespreek word. Groen se beskouing van die natuurreg, iets wat nog geen aandag in die bestaande literatuur ontvang het nie, kom daarna aan die orde, voordat die artikel afsluit met 'n paar gevolgtrekkings aangaande sy Christelik-historiese of antirevolusionêre begrip van die algemene openbaring.

2. Groen en die Nederlandse Réveil

Die Réveil het gedurende die 1820's en -30's in Nederland na vore getree as een van drie strominge binne die Nederlandse Calvinisme. In teenstelling met die liberale Groningense teologiese stroming² wat die Gereformeerde belydenisskrifte verwerp het, en die Afsgecheidenen wat van die Nederlandse Hervormde Kerk afgestig het juis weens die invloed van die Groningense teologie, het die Réveil, terwyl hulle wel vashou aan die gesag van die belydenisskrifte, probeer om die Nederlandse Hervormde Kerk van binne te hervorm (Vree 2012:63). Die kern van die verskil tussen die Réveil en die Afsgecheidenen was geleë in hul onderskeie interpretasies van artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat leer dat alle gelowiges verplig is om hulself by die ware kerk te voeg. Terwyl die Afsgecheidenen dit in die lig van hierdie artikel juis as hul plig beskou het om van 'n afvallige kerk af te stig, het die Réveil die Nederlandse Hervormde Kerk, gegewe haar historiese posisie as volkskerk, as die ware kerk van Nederland beskou (Janse 2012:181).

Groen self verbind sy Christelik-historiese epistemologie, waarvolgens hy “de gansche geschiedenis [...] [als] eene doorgaande bevestiging der waarheden, die de H. Schrift openbaart” beskou, direk aan sy kennismaking met die Réveil en hierdie beweging se invloed op die vorming van sy denke (Groen van Prinsterer 1925:503).

Alhoewel daar nooit volkome eenheid onder al die lede van die Réveil-beweging in Nederland was aangaande die aard van die gesag van die belydenisskrifte nie, het Groen gedurende veral die 1840's na vore getree as die leier van die sogenaamde juridies-konfessionele vleuel van hierdie beweging. Hierdie juridies-konfessionele vleuel van die Réveil was dan ook bekend veral vir hul klem op die normatieweit van die Gereformeerde belydenisskrifte, met name die Drie Formuliere van Eenheid en wat bestaan uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls (Spruyt 2012:224–5).

Groen het sy begrip van die Godsopenbaring dan ook bewustelik binne die raamwerk van die Gereformeerde belydenisskrifte geartikuleer. Hy beroep hom byvoorbeeld op artikel 3 en artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as hy die idee verwerp dat die Bybel blote mensewerk is en dat die rede as maatstaf vir waarheid sou moes dien. Daarteenoor hou hy vas

aan die “heerlijke geloofsregel, ‘de Bijbel, de gansche Bijbel, niets dan de Bijbel’ waaraan ook onze geloovige vaders in de Drie Formulieren hulde gebragt hebben” (Groen van Prinsterer 1848:45, 48).

Dit is dus duidelik dat Groen, as leier van die konfessionele vleuel van die Réveil, ’n hoë agting vir die openbaringsleer soos uiteengesit in die Nederlandse Geloofsbelydenis gehad het en dat hy sy Christelik-historiese beskouing as epistemologies belyn met die Gereformeerde belydenisskrifte beskou het.

3. Die historiese aspek van Groen se Christelik-historiese beskouing

As historikus beklemtoon Groen deurlopend dat daar ’n bepaalde teenstelling is wat ’n deurslaggewende rol deur die loop van die ganse wêreldgeskiedenis speel: Vir hom is die hele geskiedenis die manifestasie van die stryd tussen die Ryk van Christus en die Ryk van die bese (Groen van Prinsterer 1872:1). Hy meen daarvolgens dat die verlossingswerk van Christus, as die spil waarom die geskiedenis draai, die sleutel tot ’n koherente en sinvolle verstaan van die wêreldgeskiedenis vorm (Groen van Prinsterer 1872:85–6). Hy pas dit ook in sy eie historiografie toe. As hy byvoorbeeld in sy *Handboek der geschiedenis van het vaderland* skryf oor die Tagtigjarige Oorlog teen Spanje (1568–1648), dan belig hy hierdie stryd by wyse van die protagonisering van die antirevolusionêre of “evangeliese” kant van die stryd teenoor die antagonistiese “Revolutionaire” kant verteenwoordig deur magte en idees wat, syns insiens, hulself verhef teen die absolute heerskappy van Jesus Christus (Groen van Prinsterer 1872:212–5). In hierdie opsig staan hy ook beduidend in die historiografiese tradisie van die Middeleeuse biskop Otto von Freising (1114–1158) sowel as die kerkvader Augustinus (354–430), wat beide die hele wêreldgeskiedenis as ’n stryd tussen Christus en die bese beskou het (Paul 2004:72).

Alhoewel hy nie die rol van sosio-ekonomiese faktore in die geskiedenis misken nie, lê Groen se historiografie altyd klem op die rol van idees as dryfveer agter die geskiedenis (Groen van Prinsterer 1872:88–9). Sy historiografie is ook by uitstek polemies van aard in die sin dat hy die skeppingsorde, soos gereflekteer of afgedruk in die geskiedenis, as bevestiging van God se verbondsmatige bestiering van die skepping sien (Van Vliet 2008:359). In die konteks van die 19de eeu waarin hy optree, was die Gereformeerde godsdiens in Nederland onder druk geplaas deur die idees van die Verligting, aangesien die radikale sosiopolitieke veranderings wat daarmee gepaard gegaan het tot ’n identiteitskrisis onder hierdie deel van die bevolking gelei het. In reaksie hierop beklemtoon Groen daarom by wyse van sy historiografie die rol van die Calvinisme as een van die grondslae van die Nederlandse staat (Harinck 1994:126–7).

Groen se Christelik-historiese beskouing behels dat hy nie die Godsopenbaring as ’n eenmalige of afgehandelde goddelike ingryping in die geskiedenis verstaan nie, maar ook die geskiedenis self – die slagveld vir die stryd tussen lig en duisternis – as ’n middel van goddelike openbaring beskou (Kuiper 1996:34). Vir hom kom die sogenaamde “algemeene begrippen” wat deur die loop van die geskiedenis deur verskeie samelewings in verkillende tye en op verskillende plekke as sodanig aanvaar is, neer op “een regt dat zich afdrukt en afspiegelt in de historische toepassing” en waarvan die oorsprong en grondslag in die goddelike wil lê (Groen van Prinsterer 1991:208). Hy beskou die revolusionêre of Verligtingsideale dan ook as in stryd met die lesse van die geskiedenis en daarom ook teen die wese van die geskape realiteit sowel as die doel van die geskiedenis, naamlik die uiteindelijke eskatologiese verheerliking van Jesus

Christus se heerskappy (Paul 2004:23). Die idee van die werklikheid as geskape of godgegewe impliseer vir Groen dat die lesse van die geskiedenis self dui op die onuitvoerbaarheid en onvolhoubaarheid van idees en projekte wat teen die wil van die Skepper indruis. In hierdie opsig sien hy die geskiedenis self as beide pedagogies en verbondsmatig: Opstande teen die skeppingsorde sal deur die geskiedenis self as mislukkings verdoem word, terwyl positiewe historiese verwickelinge oor die algemeen 'n bewys is van die idees daaragter se ooreenstemming met hierdie orde (Schlebusch 2020:152). Hieruit put hy dan ook die nodige vertroue in die volhoubaarheid van sy eie Christelik-historiese posisie, aangesien hy meen dat historiese ervaring self leer dat onderwerping aan die waarheid van God se openbaring neerkom op “de eenige ware praktijk” (Groen van Prinsterer 1847:423). Groen beklemtoon dus dat historiese duursaamheid en volhoubaarheid as seël van eenstemmigheid met die godgegewe skeppingsorde dien (Groen van Prinsterer 1849a:483).

Hy is oortuig daarvan dat die sekularisering van die historiografie die mens verblind vir die ware doel en aard van die geskiedenis. Omdat hy meen dat die sin en waarde van die geskiedenis juis daarin lê dat dit godgegewe is, is sy historiese narratiewe daarom by uitstek Christosentries (Van Vliet 2008:88). Teenoor die revolusionêre stel hy deurlopend die historiese. Sonder om alles wat in die verlede gebeur het te verromantiseer, beweer hy dat die Revolusie nie net as 'n histories-politiese fenomeen nie, maar by uitstek as 'n histories-epistemologiese ontwikkeling, neerkom op 'n anti-Christelike verwerping van die historiese regte, verhoudings en regsisteme wat begrond is in die skeppingsorde soos dit ook deur God geopenbaar is (Groen van Prinsterer 1847:28). Sy epistemologie is dus by uitstek 'n openbaringsepistemologie in die sin daarvan dat hy geopenbaarde feite nie beskou as abstrakte realiteite nie, maar as konkrete historiese werklikhede wat nie by wyse van rasonale vernuf bekom kan word nie, maar alleen by wyse van die goddelike openbaring.

4. Groen van Prinsterer se beskouing van die aard van goddelike openbaring

Groen se magnum opus, *Ongeloof en Revolusie*, het bestaan uit 'n reeks lesings wat hy gedurende 1845 en 1846 by sy huis in Den Haag aangebied het. Aan die begin van die 11de lesing noem hy dat hy graag weer sy kernstandpunt wil uitlig ter wille van diegene wat “wij voor de eerste maal in ons midde zien” en dus nie die vorige 10 lesings kon bywoon nie. “Het standpunt is dat van een Christen” begin Groen (1847:259), en dit behels dan dat

op het gebied van Godsdienst, zedelijkheid, en regt, in huisgezin of Staat, geen wijsheid of waarheid erkend wordt dan die in de onderwerping van hart en verstand aan de Openbaring haar begin heeft. [Het standpunt v]an iemand die ook in de historie niet enkel met de Deïst eene leiding der Voorzienigheid opspoort en opmerkt, maar die, aan de belijdenis van het Evangelie met vastheid en overtuiging getrouw, in de komst en in de terugkomst van den beloofden Heiland de oplossing der raadsels van de geschiedenis der menschheid aanschouwt.

Vir Groen bestaan daar dus geen wysheid of insig oor enige aspek van die werklikheid wat nie begrond is in God se openbaring van die Evangelie in die Skrif nie, en moet ook die geskiedenis van die mensdom self daarom in die lig van hierdie besondere openbaring aangaande die koms en wederkoms van Jesus Christus geïnterpreteer word.

Gedurende Groen se eie lewe het hy ook bewustelik tot hierdie oortuiging gekom na aanleiding van sy omhelsing van die Christelik-historiese beskouing by wyse van sy kontak met die Réveil gedurende die laat 1820's. In 'n brief aan 'n sekere A.G.A. van Rappard, gedateer 20 November 1831, skryf hy dat hy vroeër altyd godsdienst

meer als een afzonderlijk iets beschouwde, dan als een levensbeginsel, hetwelk met ons gansche bestaan vereenigd en ingeweven behoort te zijn. In de laatste drie of vier jaren hebben een aantal omstandigheden zamengewerkt om mij de zaak uit een gansch ander oogpunt te doen beschouwen [...] Sedertdien zijn duizende zaken mij duidelijk geworden, die ik vroeger als onoplosbare raadsels had beschouwd, en de gansche geschiedenis wordt mij eene doorgaande bevestiging der waarheden, die de H. Schrift openbaart. (Groen van Prinsterer 1925:503)

Hierdie oortuiging waartoe Groen gebring is, naamlik dat die geskiedenis die waarhede van die Bybel bevestig, is dan ook die epistemologiese uitgangspunt waarvolgens hy sy eie posisie as Christelik-histories beskryf. In die inleiding van sy epistemologiese publikasie van 1834, getiteld *Proeve over de middelen waardoor de waarheid wordt gekend en gestaafd*, noem hy dat hy dit ernstig oorweeg het om die boek eerder *Christelyk-Historische beschouwingen* te betitel, maar

ik rekende bijna overtollig te melden, wat de behandeling van elk onderwerp behoort te getuigen; bijna onvoegzaam een eigen kenmerk mijner beschouwing te zoeken in hetgeen mij de voorwaarde, de *conditio sine qua non* van waarheid, regt en zedelijkheid schijnt. (Groen van Prinsterer 1834:vi–vii)

Hy wy dan ook die boek aan wat hy beskou as die grondslag of voorwaarde van alle ware kennis en identifiseer hiervolgens vier middele ter verkryging en staving van kennis, naamlik die Bybel, die menslike rede, die geskiedenis, en algemene ooreenstemming:

God heeft zich in Zijn Woord geopenbaard. Daarin ligt de hoogste waarheid besloten; daarin hebben wij een toetssteen die onbedriegelijk is. De rede past de algemeene waarheden toe, of toont hoe die in de onderscheidene deelen der wetenschap toegepast zijn. De geschiedenis doet als't ware het leven en werken der beginsels aanschouwen. De ooreenstemming van allen wijst op de waarheid, al is het dat zij haar niet bewijst. (Groen van Prinsterer 1834:2)

Vir Groen is die Bybel dus die uiteindelijke maatstaf waarvolgens elke wetenskap en teorie beoordeel behoort te word. Wanneer die menslike verstand verlig word om die besondere openbaring in die Bybel as sodanig te ontvang, dan alleen vorm die verstand die nodige epistemologiese raamwerk wat nodig is om die aard van die werklikheid tereg te begryp (Groen van Prinsterer 1834:55). Sonder die raamwerk van die besondere openbaring, skryf Groen, is die algemene openbaring nie alleen relatief nie, maar ook in wese ondergeskik aan die invloed van die tydsgees, en kan dit daarom nie as in lyn met ewige beginsels beskou word nie:

Het gebied der meening, te voren door algemeene waarheden omschreven, had ook geene perken meer, en naarmate Gods wet minder invloed op de gemoederen behield, werd aan goed- en afkeuring van medemenschen dubbele waarde gehecht. Het is in de vreeze Gods dat het behoedmiddel tegen menschenvrees ligt. (Groen van Prinsterer 1834:81)

Sy uitgangspunt dat die Bybel die raamwerk vorm vir die regte verstaan van die werklikheid is dan ook die basis van Groen se polemieë teen antirevolusionêre denkers uit die Rooms-Katolieke Kerk, wat hy wel as bondgenote ag, maar volgens hom verkeerdelik die Hervorming as 'n voorloper van die Verligting beskou (Groen van Prinsterer 1847:36). Hierteenoor beklemtoon hy dat die Hervorming juis begrond was in 'n epistemologiese uitgangspunt waarin die absolute gesag van God, met uitsluiting van menslike gesag, beklemtoon is (Groen van Prinsterer 1834:61–2). God openbaar Godself dan ook in die Bybel “vrij [...] van menselijke traditie, waar deze met de Bijbel in tegenspraak is; vrij van menschelijk bevel, waar deze tegen de bevelen van God strijdt” (Groen van Prinsterer 1847:156).

Groen verstaan die begrip *revolusie* – dit waarteen hy in wese gekant is – ook in 'n beduidend epistemologiese sin. Die revolusie dui vir hom in die eerste plek nie bloot 'n politieke omwenteling soos die Franse of Bataafse Revolusie aan nie, maar 'n epistemologiese revolusie waarmee die samelewing die soewereiniteit en gesag van God se openbaring verwerp (Groen van Prinsterer 1847:23–4). Hierdie epistemologiese revolusie vergestalt dan ook op 'n sosiopolitieke vlak in politieke revolusies soos die Franse Revolusie van 1789 of die Bataafse Revolusie van 1795. Groen se appèl op die geskiedenis as normatief was ook, in sy bepaalde historiese konteks, by uitstek retories van aard. Hy bevorder sy Christelik-historiese of antirevolusionêre beskouing deur daarop te wys dat alle teorie in stryd met God se wil uiteindelik noodwendig misluk, terwyl slegs historiese ontwikkelinge in lyn met die wil van God, soos geopenbaar in die Bybel, op die lange duur ware vooruitgang kan bewerkstellig (*Ibid.*, 222–223). Hy verwoord dan ook sy verwerping van die liberale idees van die Verligting, soos dit veral neerslag gevind het in die Franse Revolusie aan die einde van die 18de eeu, soos volg:

Ik begeer niet dat de Revolutie uit de Geschiedenis, waarvan zij een der leerrijkste gedeelten uitmaakt, als of ze niet gebeurde ware, worde geligt; ook niet dat de verwerping van de theorie gepaard ga met miskenning der regten die zich tijdens haar overmagt hebben gevormd. Maar, ofschoon de Revolutie voorzeker tot de geschiedenis behoort, dit mag ons niet doen vergeten dat een leer, aan valsche bespiegeling ontleend, tegen het wezen der dingen en dus tegen die geschiedenis, tegen de historische ontwikkeling der Menschheid, tegen elken gegeven toestand der maatschappelijke regten en betrekkingen, als een noodlottige kiem van verwarring en ontbinding, gekant is. (Groen van Prinsterer 1849a:483)

Hier verbind Groen sy historiese beginsel met “het wezen der dingen”, oftewel met die aard van die realiteit. Omdat die Revolusie gekant is teen die openbaring van God in die Bybel en in die geskiedenis, is dit ook gekant teen die wese van die geskape realiteit waarvoor daardie God heers, en daarom gaan sulke sosiopolitieke revolusies volgens Groen gepaard met die omverwerping van die ware beginsels van reg en geregtigheid wat onmisbaar is vir 'n samelewing om te floreer. Daarom loop dit ook uiteindelik uit op tirannie en kan dit nie die volhoubaarheidstoets van die geskiedenis slaag nie (Groen van Prinsterer 1834:87–8).

5. Groen en die natuurreg

Vanuit sy Christelik-historiese beskouing bekritisiseer Groen die idee van 'n natuurlike teologie soos vergestalt in byvoorbeeld die denke van Thomas Aquinas (1225–1274), en wat met die

Konsilie van Trente (1545–1563) in reaksie op die Hervorming amptelik as Rooms-Katolieke leer bekragtig is (Sharpes 2013:162):

Dikwyls ook heeft men gezegd dat hij, aan zich zelve overgelaten, de overtuiging van verscheidene hoofdwaarheden van Godsdienst en zedekunde verkregen zou hebben. Die onderstelling is althans zeer gewaagd. Vijandschap tegen God; ziedaar de natuurlijke Godsdienst eener bedorven natuur. (Groen van Prinsterer 1834:36)

Die idee van 'n natuurreg wat afgelei kan word uit empiriese waarnemings wat interpreteer word by wyse van die korrekte gebruik van die rede verwerp hy vervolgens volstrek, waarna hy oorgaan tot 'n veelseggende analise van die aard van die wysheid van die voor-Christelike klassieke filosowe, waarop die Thomiste hul so dikwels beroep:

Hoeveel, zegt men, was ook aan de wijsgeeren der oudheid bekend! Voorzeker; maar dit niet in dien zin, welke men er doorgaans aan geeft, natuurlijke Godsdienst geweest. Hunne gronddenkbeelden waren uit het traditionele geloof overgenomen, en hun hoogste wijsheid heeft hierin bestaan, dar zij het goud der oorspronkelijk geopenbaarde waarheid somtijds van het schuim der volksbijgeloovigheden en priestervonden wisten te ontdoen. Alle Godsdienst is traditioneel. Het denkbeeld van God zou bij het ruwen natuurmensch, gelijk de valsche wijsbegeerte dien voorstelt, nooit opgekomen zijn. (Groen van Prinsterer 1834:36–7)

Groen begrond hierdie beskouing van godsdiens as wesenlik oorgelewer oftewel tradisioneel van aard in die Ou Testamentiese openbaring van die mensdom as 'n enkele geheel wat van dieselfde voorouers afstam. Groen meen met dat alle mense, selfs die antieke Grieke en Romeine, voorouers het aan wie die ware proto-Evangelie geopenbaar is, en dat hulle kennis en wysheid te danke is aan die oorblyfsels daarvan wat by wyse van oorlewering deur die geslagte heen aan hulle oorgedra is. Dit is ook om hierdie rede, meen Groen, dat daar 'n bepaalde “eenheid der godsdienste” bestaan in die sin dat almal 'n gemeenskaplike oorsprong het. Daarom bestaan daar ook gemeenskaplike morele en teologiese waarhede wat deur alle godsdienste erken word. Hy reduceer vervolgens die opkoms van alle nie-Christelike godsdienste tot fenomene wat teruggedei kan word na die sondige natuur van die mens wat daartoe neig om die oorspronklike geopenbaarde waarhede van God te verdraai. Tog behou hulle ook elemente van die waarheid wat volgens Groen gesien kan word in hul verskeie ooreenkomste met die Christelike leer (Groen van Prinsterer 1834:37–9).

Vir Groen is die impak van die verwringing van die historiese Godsopenbaring soos deur voorouers oorgelewer egter nie net beperk tot die godsdienstige of sedelike lewe nie, maar raak dit elke aspek van die menslike bestaan. Hy skryf:

Het regt is in Gods wezen gegrond. Godverzaking brengt regtverzaking te weeg. Voor de atheïsten bestaat natuurdrift, geen natuurregt. Er zijn noodwendige gevolgen van onderlinge betrekking; maar, om hierop de denkbeelden van regt en plicht en wet te kunnen gronden, moet er altijd een hoogste bron van het regt, eene algemene wet van geregtigheid en liefde, een wetgever die ze uitvaardigd en handhaafd, worden ondersteld. Geweten en zedelijk gevoel zijn slechts een flauwe weerklank van Gods wet; en, waar deze wordt ter zijde gesteld lost de plichtsvulling zich in hoogmoed en eigenbaat op. (*Ibid.*, 150)

Groen onderskei homself in hierdie opsig beduidend van die rasionalisme wat hy assosieer met beide die Thomisme van die Rooms-Katolieke Kerk, sowel as verskeie Verligtingsfilosowe. Waar Aquinas leer dat die “morele wette afgelei word uit die edikte van die natuurlike rede self” en dat die “morele wette van die dekalooog toegevoeg is omdat daar sommige morele beginsels is wat nie aan almal voor die hand liggend is nie” (eie vertaling) (Aquinas 1484:I-II.100.11),³ meen Groen (1847:192) dat hierdie uitgangspunt ’n voorloper is van die Verligtingsfilosofie waarin “de oppermagt der Rede van den beginne af, als een axioma, in de wijsbegeerte voorop gesteld werd.” In teenstelling met Aquinas meen hy dat die Bybel nodig is om die natuurlike openbaring reg te kan begryp, want “de Natuur kan, waar men voor het licht der Openbaring blind is, uit natuurkrachten worden verklaard” (Groen van Prinsterer 1847:194). Verder moet “voor de rede, tot eigen herstel, het licht der Openbaring worden ontleend” sodat die openbaring wat te vinde is in “het woord Gods; zijne Openbaring in de Bijbel [...] de rede verlicht, terecht brengt, verbetert, en [...] corrigeert” (Groen van Prinsterer 1849b:30). Hy beklemtoon dan dat “de Rede voor de Openbaring te doen zwichten” juis omdat “alle Schrift van God ingegeven is” terwyl “de natuurlijke mens niet begrijpt de dingen die des Geestes Gods zijn” (Groen van Prinsterer 1847:156).

Vir Groen is die aanknopingspunt met die algemene openbaring ook nie empiries nie, “ziende dat het het verstand niet minder dan de zintuigen het merk van onbedriegelijkheid mist” (Groen van Prinsterer 1834:41). Hy beskuldig die Franse Verligtingsfilosowe Diderot en Helvétius daarvan dat hulle deur “geen ander vorming der gedachten dan uit de zintuigen” gelaat word met “geen onderscheid van goed en kwaad, geen drijfveer dan het eigenbelang, geen rigtsnoer of uitzicht dan het: ‘laat ons eten en drinken, want morgen sterven wij’” (Groen van Prinsterer 1872:498).

Nogtans erken Groen dat die algemene of natuurlike openbaring van God, soos ook verwoord in die tweede artikel van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, ’n belangrike epistemologiese rol speel (Groen van Prinsterer 1847:239). Dit vereenselwig hy egter met ander woorde geensins met ’n natuurregbeginnsel wat begrond is in rasonale denke of empiriese waarnemings nie, en in sy weerlegging van sulke benaderings beroep Groen hom op die Historiese Skool (Historische Rechtsschule) van Duitse regsgeleerde Friedrich Carl von Savigny (1779–1861) (Van Vliet 2008:53).

Von Savigny beklemtoon dat die organiese ontwikkeling van ’n bepaalde volk of gemeenskap histories gereflekteer word in daardie gemeenskap se unieke gebruike, wette en onderlinge verhoudings, en dat ’n universele, abstrakte begrip van die reg, soos voorgestel deur natuurregfilosowe,⁴ noodwendig ’n skadelike effek van ontworteling tot gevolg sal hê (Von Savigny 1814:102). Hy meen dat enige wetgewing daarom by uitstek die historiese regte en verhoudings wat ter sprake is as maatstaf moet gebruik (Von Savigny 1814:106). Vir Von Savigny bestaan daar geen abstrakte natuurreg nie. Hy meen dat “die natuurregfilosowe bloot die waarhede afgelei uit die Romeinse reg abstrak voorstel en dan glo dat hulle dit by wyse van filosofie uitgevind het” (eie vertaling) (Von Savigny 1802:172).⁵

Groen se waardering vir Von Savigny blyk onder andere uit ’n brief wat hy in 1862 skryf waarin hy verwys na “de uitnemendheid van Von Savigny’s denkbeelden omtrent den historischen oorsprong van het regt” (Groen van Prinsterer 1925:548). Reeds in sy doktorske proefskrif in regte, voltooi toe hy maar 22 jaar oud was, beklemtoon hy die bydrae van Von Savigny in terme van daarvan om die historiese aard van regsbeginnsels uit te wys (Groen van Prinsterer 1823:89). Alhoewel Groen, soos Von Savigny, ’n normatiewe aspek in die historiese self as

afdruk van die wese en struktuur van die werklikheid sien, het hy wel die historisme binne 'n Calvinistiese raamwerk herinterpreteer (Van Vliet 2008:33). Vir Groen behoort historiese regte nie gerespekteer te word bloot omdat dit manifestasies van die goddelike voorsienigheid is nie, maar juis omdat die duursaamheid daarvan op sigself wys dat dit ooreenstem met die goddelike doel van die geskiedenis soos geopenbaar in die Bybel, met name die oorwinning van Christus oor die bose (Groen van Prinsterer 1872:1). Gegewe sy oortuiging dat “geen bladzijde en bijna geen regel van de geschiedenis [...] niet door zonde werd bezoedeld”, distansieer hy homself volkome van die idee dat alle historiese ontwikkelinge noodwendig in lyn sou wees met God se wil (Groen van Prinsterer 1847:46). Vir Groen was die gesag van die geskiedenis altyd nou verweef met wat hy beskou as die heilshistoriese orde en plan vir die kosmos, met ander woorde die kosmologiese *genesis* in God se ontwerp van die skepping, sowel as die kosmologiese *telos* in die verheerliking van Christus se heerskappy (Groen van Prinsterer 1847:76–7, 243).

In hierdie opsig was Groen se historisme epistemies eerder as eties van aard. Hy beklemtoon daarvolgens dan ook die pedagogiese aard van die geskiedenis deur daarop te wys dat ontwikkelinge wat in stryd met die Godgegewe aard van die realiteit is, noodwendig op die lang termyn misluk (Groen van Prinsterer 1847:x). In teenstelling met wat hy beskryf as die “volken, nader bij de natuur gebleven” en by wie daar volgens hom “doorgaans bijna geene schouw meer van zedelijk gevoel” bestaan nie, meen hy dat “wijsgeerige waarheid door de historie wordt wedergekaatst” (Groen van Prinsterer 1834:113, 146). Hy verwerp dus, soos Von Savigny, die moontlikheid van abstrakte en universele natuurregtelike beginsels wat by wyse van die rede uit empiriese waarnemings afgelei kan word (Groen van Prinsterer 1834:160–1). Dit is daarom dan ook juis die historiese oorblyfsels van die oorspronklike besondere openbaring aan die aartsvaders in die tradisies van die heidene, eerder as hul waarneming van die natuur, waaraan die waarheidselemente in die heidense filosofie toegeskryf kan word, aangesien

de vraag waarop het aankomt niet [is] of de heidense wijsgeeren eenig deel van de H. Schrijft hebben gezien, maar of hun kennis, door overlevering, uit dezelfde oorspronkelijke Openbaring voortgekomen is, waarvan de H. Schrift de opteekening en ontwikkeling bevat. (Groen van Prinsterer 1834:18)

Vervolgens beklemtoon Groen dat die bron van wysheid van die heidense filosofie nie natuurlike vernuf is nie, maar Godsopenbaring bemiddel deur tradisie of historiese oorlewering, en skryf hy in verband met wat hy beskou as die historiese of tradisionele aard van waarheid die volgende:

Vereenzelvigd met de historie van ieder volk, moet het bijzondere staatsregt in dit nationale leven worden aanschouwd; gelijk men, om iemands individuele eigenschappen en gelaatstrekken te kennen, al bezit men algemeene menschenkennis, persoonlijke kennismaking verlangt [...] Het is raadzaam, wanneer men de overeenstemming niet slechts der tijdgenooten (want er is wellicht geen geslacht, dat niet door sommige dwaalbegrippen werd medegesleept), maar van alle tijden tegen zich heeft, geen hoogagtig en onbepaald vertrouwen op eigen mening te voeden. (Groen van Prinsterer 1834:74, 78)

Groen beklemtoon hierdeur twee van die belangrikste kenmerke van die historisme, naamlik dat daar 'n organiese harmonie tussen die unieke karakter van 'n volk en daardie volk se wette

en politieke vorme bestaan, en dat wetgewing gebaseer op historiese ontwikkeling eerder as op die rasionele insigte van 'n enkele generasie gebaseer moet wees (Van Vliet 2008:32).

Dit is dan ook hierdie Historiese Skool wat ten grondslag lê van Groen se Christelik-historiese of antirevolusionêre teorie. Sy alombekende leuse waarmee hy hierdie teorie omskryf, stel hy dan ook bekend in die voorwoord van *Ongeloof en Revolusie* in 1847: “Er staat geschreven! Er is geschied!” (Groen van Prinsterer 1847:xi). Vir Groen is die Skrif en die geskiedenis so onlosmaaklik verbind aan mekaar dat hy beweer “wat is de openbaring zelve anders dan de kern van historie” (Groen van Prinsterer 1925:80), en daarvolgens stel hy die geskiedenis en die openbaring deurlopend teenoor rasionalistiese konstruksies van die werklikheid (Groen van Prinsterer 1862:3). Vir Groen is die natuur of die aard van die werklikheid dus af te lei uit die historiese ontwikkeling wat beslag gee aan die beginsels van die Godsopenbaring in die Skrif, in teenstelling met die idee van 'n natuurreg geïnterpreteer by wyse van die menslike rede. Hy begrond dit dan ook op die Calvinistiese begrip van die verdorwenheid van die menslike natuur, waarvolgens die mens, sonder die verligting van God se openbaring, die natuur verdraai (Rom. 1:20–21), wat volgens Groen impliseer dat ware kennis slegs by wyse van goddelike openbaring verkry kan word:

Zoo de Openbaring onbedriegelijk is, dan is elk natuurregt valsch, hetwelk de uitspraken der Heilige Schrift vernietigen zou. Onpartijdigen beschouwingen van zich zelve en anderen zou de uitspraken al spoedig hebben bevestigd: doch men was te zeer door het staren op vreemde idealen bedwelmd om nog partijdigheid te bezitten; en het natuurregt, dat op den aard des menschen gegrond behoort te zijn, zag den tegenwoordigen hoofdtrek van onze aanleg, de verdorvenheid, voorbij. (Groen van Prinsterer 1834:151–2)

Hy verbind dan ook sy afwysing van die natuurreg aan die insigte wat hy by wyse van Von Savigny se historisme verkry het:

[D]e denkbeelden van Von Savigny, gelijk Stahl ze in de sfeer van staatsregt en staatkunde overgebracht en toegepast heeft [...] ziet in het historisch beginsel den eenigen waarborg tegen het absolutisme dat uit de wijsbegeerte van het Natuurregt ontspruit. (Groen van Prinsterer 1862:75)

In die denke van die Duitse juris Friedrich Julius Stahl (1802–1861), vir wie Groen as die leidende figuur van die antirevolusionêre beweging in Duitsland beskou het, het hy dan ook 'n sterk bevestiging van Von Savigny se idees gevind. Vir Stahl (1854:482) het respek vir historiese regte en sisteme neergekom op agting vir die God wat die wêreldgeskiedenis by wyse van sy voorsienigheid bestuur. Groen sluit aan by Stahl deur idees wat hy beskou as antihistories of revolusionêr te verwerp as “tegen natuur en recht” by wyse van die feit dat die geskiedenis self getuie is lewer van die praktiese “onuitvoerlikheid van haar beginsel” (Groen van Prinsterer 1847:10).

6. Gevolgtrekking

Die kern van Groen se Christelik-historiese filosofie lê daarin dat hy ware wysheid, geregtigheid en moraliteit beskou as uitsluitlik begrond in die goddelike openbaring – eerstens in die Bybel

en tweedens in die geskiedenis beskou in die lig van hierdie besondere openbaring, met name spesifiek die openbaring van Jesus Christus se verlossingswerk en die verheerliking van Sy heerskappy as die oorhoofse doel van die wêreldgeskiedenis. As leidende figuur in die juridies-konfessionele vleuel van die Réveil het Groen 'n hoë waardering gehad vir die openbaringsleer soos uiteengesit in die Nederlandse Geloofsbelydenis, waarin nie net die besondere openbaring in die Bybel erken word nie, maar ook die algemene openbaring by wyse van “die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld” – dit wat Groen op unieke wyse verbind met die historiese aspek van sy Christelik-historisme. Dit blyk veral uit die feit dat Groen juis epistemologiese en gepaardgaande sosiopolitieke ontwikkelings wat hy beskou as in stryd met hierdie oorhoofse doel van die skepping soos geopenbaar in die Bybel en bevestig in die geskiedenis as “revolusionêr” opponeer. In navolging van die Historiese Skool van Von Savigny, bekritiseer hy dan ook die Thomistiese begroning van die natuureg in die sintuie en die rede as gebaseer op valse revolusionêre uitgangspunte. Hierteenoor argumenteer hy dat selfs die antieke wysheid van Grieks-Romeinse filosowe eerder begrond was in tradisie, waarmee oorblyfsels van dieselfde openbaringswaarhede wat in die Ou Testament opgeteken is, mondelings aan hulle oorgedra is. Alhoewel nie-Christelike godsdienste en filosofiese skole dus volgens Groen nooit die volledige waarheid kan omvat nie, bevat al hierdie godsdienste en filosofiese skole elemente van waarheid omdat hulle dieselfde historiese oorsprong as die Christendom deel.

Alhoewel hy nie die rede of sintuie as sodanig as middels tot die verkryging van kennis verwerp nie, verwerp Groen wel die idee dat die mense by wyse van waarnemings of rasonale konstruksies, los van die verligting van die goddelike openbaring, kernwaarhede aangaande die werklikheid kan bekom. Anders as byvoorbeeld Aquinas, wat morele wette as afleibaar van rasionalistiese konstruksies van empiriese waarnemings beskou, is Groen se uitgangspunt dat geloof in die besondere openbaring in die Bybel noodsaaklik is vir 'n korrekte begrip van moraliteit as sodanig. In sy epistemologiese raamwerk is waarhede bekombaar alleen wanneer daar ten minste iets van die oorspronklike goddelike openbaring oorbly wat as raamwerk vir die interpretasie van die werklikheid by wyse van die rede en sintuie kan dien. Aangesien hierdie raamwerk by wyse van tradisie oorgedra word, beskou hy ware kennis van algemene beginsels as fundamenteel histories. Dit het implikasies vir sy beskouing van die algemene openbaring, aangesien Groen nooit die algemene openbaring as los van die besondere openbaring in die Bybel beskou nie.

In hierdie opsig was Groen se beskouing van die algemene openbaring beduidend anders as dié van sy Neo-Calvinistiese opvolgers Kuyper (1837–1920) en Bavinck (1854–1921), wat die natuurlike openbaring, in vergelyking met die besondere openbaring, as meer universeel en ooglopend beskou het (Schlebusch 2022:371–2). Kuyper (1909:327) en Bavinck (1908:16–7, 43) het die algemene openbaring, soos dit neerslag vind in die *theologia naturalis*, as die noodsaaklike epistemologiese raamwerk vir die ontvangs van die besondere openbaring beskou. Hul uitgangspunt is dus dat die natuurlike openbaring primêr by wyse van sintuiglike waarnemings na die bewussyn gebring word (Kuyper 1892:79; Bavinck 1904:53). Binne 'n Neo-Calvinistiese raamwerk sou geloof dus alleenlik in terme van subjektiewe sekerheid as op 'n hoër vlak as wetenskaplike kennis beskou kon word (Bavinck 1903:31), maar in terme van “objectiewe evidentie staat het glooven beneden het weten” (Bavinck 1904:45). Daarteenoor het Groen, vanuit sy unieke Christelik-historiese raamwerk, die algemene openbaring verbind met die pedagogiese aard van die geskiedenis as die langtermyn- menslike ervaring van 'n godgegewe werklikheid soos belig deur die besondere openbaring in die Bybel, eerder as met natuurlike verskynsels wat by wyse van empiriese of rasonale weë bekom word. Vir hom vorm

die algemene openbaring dus nie soos by Bavinck en Kuyper die grondslag vir die besondere openbaring nie, maar andersom (Groen van Prinsterer 1834:55). In hierdie opsig, naamlik in terme van hul verstaan van die rol en aard van die algemene openbaring, verteenwoordig die Neo-Calvinisme van Bavinck en Kuyper dus ook 'n breuk met die Christelik-historisme wat kenmerkend was van Groen van Prinsterer se antirevolusionêre denke.

Tog is die algemene openbaring vir Groen nie bloot dieselfde as die besondere openbaring in die Bybel nie, en is eersgenoemde vir hom ook by uitstek histories. In hierdie opsig was die invloed van Von Savigny se Historiese Skool op sy denke deurslaggewend. In lyn met Von Savigny se idee dat die natuurreg, soos geïnterpreteer by wyse van rasoniese abstraksies, 'n skadelike en ontwortelende effek op die samelewing het, beskou Groen die geskiedenis as beter epistemologiese begroning vir die algemene openbaring, aangesien ontwikkelinge wat in stryd is met God se wil uiteindelik deur die gang van die geskiedenis self, soos bestier deur die goddelike voorsienigheid, as onwerkbaar en skadelik verdoem word. Op grond hiervan bevorder hy dan 'n historiese verstaan van wat hy beskou as algemene waarhede, wat alleen in die konteks van die godsopenbaring soos bemiddel óf deur die Bybel óf deur tradisie na vore tree (Groen van Prinsterer 1834:81). Die geskiedenis funksioneer dan ook pedagogies en normatief in die sin dat teorieë in stryd met die openbaring uiteindelik faal, terwyl ontwikkelinge in lyn met die goddelike wil soos geopenbaar in die Bybel op die lang termyn noodwendig positiewe vrugte afwerp.

Groen se beskouing van die algemene openbaring as bemiddel deur die geskiedenis se pedagogiese aard en hierdie openbaring se intrinsieke verhouding tot die besondere openbaring in die Bybel as interpretiewe raamwerk daarvoor vorm dus die epistemologiese grondslag en wese van sy Christelik-historiese denke.

Bibliografie

Aquinas, T. 1484. *Prima pars secunde partis Summe Theologie beati Thome de Aquino*. Napels: Antonius de Strata, de Cremora.

Bavinck, H. 1903. *De zekerheid des geloofs*. Kampen: Kok.

—. 1904. *Christelijke wetenschap*. Kampen: Kok.

—. 1908. *Wijsbegeerte der openbaring*. Kampen: Kok.

Bijl, J.P. 2011. *Een Europese antirevolutionair: het Europeabeeld van Groen van Prinsterer in tekst en context*. Amsterdam: VU University Press.

Groen van Prinsterer, G. 1823. *Disputatio iudicialis inauguralis de juris Justinianei praesentantia ex rationibus eius manifesta*. Leiden: Hazenberg.

—. 1834. *Beschouwingen over staats- en volkenrecht, I: proeve over de middelen waardoor de waarheid wordt gekend en gestaafd*. Leiden: S. & J. Luchtman.

- . 1847. *Ongeloof en revolutie – eene reeks van historische voorlezingen*. Leiden: S. & J. Luchtmans.
- . 1848. *De formulieren en het regt der Hervormde gezindheid*. Amsterdam: Höveker.
- . 1849a. *Grondwetsherziening en eensgezindheid*. Amsterdam: Johannes Müller.
- . 1849b. *Repliek aan Dr. J.H. Scholten*. Amsterdam: Johannes Müller.
- . 1862. *Ter nagedachtenis van Stahl*. Amsterdam: Höveker.
- . 1872. *Handboek der geschiedenis van het vaderland*. Amsterdam: Höveker & Zoon.
- . 1873. *Nederlandsche gedachten – V*. Amsterdam: Höveker & Zoon.
- . 1925. *Schriftelijke nalatenschap: briefwisseling 1808–1876*. C. Gerretson en A. Goslinga (reds.). Den Haag: Martinus Nijhoff.
- . 1991. *Bescheiden deel I en II 1821–1876*. J. Zwaan (red.). Den Haag: Instituut voor Nederlandse Geschiedenis.
- Harinck, G. 1994. Een gereformeerd historicus vandaag. In Harinck en Kuiper (reds.) 1994.
- Harinck, G. en R. Kuiper (reds.). 1994. *Groen van Prinsterer en de geschiedenis – historische opstellen*. Kampen: Van den Berg.
- Hattenhauer, H. (red.). 1973. *Thibaut und Savigny, ihre programmatischen Schriften*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Hochstrasser, T.J. 2004. *Natural law theories in the early enlightenment*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Honings, R. en P. van Zonneveld. 2013. *De gefnuikte arend: het leven van Willem Bilderdijk*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Janse, M. 2012. Vereeniging en verlangen om vereenigd te werken – Réveil en civil society. In Van Lieburg (red.) 2012.
- Kirpestein, J.W. 1993. *Groen van Prinsterer als belijder van kerk en staat in de negentiende eeu*. Leiden: Groen en Zoon.
- Kuiper, R. 1996. *Uitzien naar de zin. Inleiding tot een christelijke geschiedsbeschouwing*. Leiden: Groen en Zoon.
- . 2001. *‘Tot een voorbeeld zult gij blijven’ – Mr. G Groen van Prinsterer (1801–1876)*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Kuyper, A. 1892. *Ons program*. Amsterdam: Wormser.

- . 1909. *Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid, tweede deel: algemeen deel*. Kampen: Kok.
- Mannies, W. en C. Laursen. 2014. Denis Diderot on war and peace: nature and morality. *Araucaria. Revista Iberoamericana de Filosofía, Política y Humanidades*, 16(32):155–171.
- Mazzacane, A. (red.). 2004. *Friedrich Carl von Savigny: Vorlesungen über juristische Methodologie 1802–1842*. Frankfurt: Vittorio Klostermann.
- Paul, H. 2004. Groen van Prinsterer: a critical reappraisal. *Fides et Historia*, 36(2):67–82.
- Roosendaal, J. 2012. *Tot nut van Nederland*. Nijmegen: Joost Roosendaal.
- Schlebusch, J.A. 2020. Decentering the status quo: the rhetorically sanctioned political engagement of Groen van Prinsterer. *Trajecta. Religion, Culture and Society in the Low Countries*, 29(2):141–59.
- . 2022. Epistemologiese oorwegings by die Neo-Calvinistiese afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis. *LitNet Akademies*, 19(1):358–77.
- Schlingmann, F. 2012. *Koning Willem I – vadertje, koopman en verlicht despoot*. Soesterburg: Aspekt.
- Sharpes, D.K. 2013. *Advanced educational foundations for teachers: the history, philosophy, and culture of schooling*. New York: Routledge.
- Spruyt, B.J. 2012. Traccasserie religieuse: de onvervulde belofte van een 'nader Réveil'. In Van Lieburg (red.) 2012.
- Stahl, F.J. 1854. *Die Philosophie des Rechts nach geschichtlicher Ansicht*. Heidelberg: Mohr.
- Te Velde, M. 1994. Het Schriftgebruik in Groens handboek der geschiedenis van het vaderland. In Harinck en Kuiper (reds.) 1994.
- Van Dyke, H. 1989. *Groen van Prinsterer's lectures on unbelief and revolution*. Jordan, ON: Wedge.
- . 2012. Groen van Prinsterer: godfather of Bavinck and Kuyper. *Calvin Theological Journal*, 17(1):72–97.
- Van Lieburg, F. (red.). 2012. *Opwekking van de natie: het Protestantse Réveil in Nederland*. Hilversum: Verloren.
- Van Vliet, W.G.F. 2008. *Groen van Prinsterers historische benadering van de politiek*. Hilversum: Verloren.
- Von Savigny, F.C. 1802. Methodologie (Nachschrift Grimm). In Mazzacane (red.) 2004.

—. 1814. Von Beruf unserer Zeit für Gesetzgebung und Rechtswissenschaft. In Hattenhauer (red.) 1973.

Vree, J. 2012. Het Réveil als partij in de Nederlandsche samenleving: opkomst, groei, doorwerking en geschiedscrewing (1833–1891). In Van Lieburg (red.) 2012.

Eindnotas

¹ Dit is algemene praktyk binne die korpus literatuur oor Guillaume Groen van Prinsterer om bloot na hom as “Groen” te verwys.

² Die Groningense teologie was ontwikkel deur liberale teoloë verbonde aan die Rijksuniversiteit Groningen. Hulle het die tersydestelling van die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisgrondslag van die Nederlandse Hervormde Kerk bepleit (Van Dyke 1989:18–19).

³ In die oorspronklike Latyn: “praecepta moralia ex ipso dictamine naturalis rationis efficaciam habent ... Quaedam vero sunt quorum ratio non est adeo cuilibet manifesta, sed solum sapientibus, et ista sunt praecepta moralia superaddita Decalogo.”

⁴ Denis Diderot (1713–1784) het byvoorbeeld geargumenteer dat die regte gebruik van die menslike rede die mens verlig om die abstrakte beginsels van die natuurreg by wyse van empiriese waarnemings verkry te begryp, om sodoende te wete te kom wat die werklike algemene belang is (Mannies en Laursen 2014:158).

Immanuel Kant (1724–1804) het ook die natuurreg met die regte gebruik van die rede identifiseer (Hochstrasser 2004:185).

⁵ In die oorspronklike Duits: “Die juristischen Naturrechte stellen römische Rechtswahrheiten nur abstrakter auf und glauben sie dann durch Philosophie gefunden zu haben.”